# Ongeouditeerde resultate

vir die ses maande geëindig 31 Desember 2009
en verdere omsigtigheids aankondiging

**EXCELLERATE HOLDINGS LIMITED** Registrasienommer 1997/009884/06 JSE-kode: EXL ISIN: ZAE000026092 (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)

## HOOGTEPUNTE

- Inkomstegroei van 9% teenoor die vergelykende tydperk
- Voorbelastingwinsgroei van 8% vir voortgesette bedrywighede teenoor die vergelykende tydperk
- Kontant gegenereer uit bedrywighede van R5,3 miljoen
- Handel – Verspreiding-segment behaal 'n aansienlike verbetering in bedryfswinsgewendheid

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | **Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Desember 2009 R'000** | Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Desember 2008 R'000 | Geouditeer 12 maande geëindig 30 Junie 2009 R'000 |
|---|---|---|---|
| ***Voortgesette bedrywighede*** | | | |
| **Inkomste** | **370 065** | 340 754 | 654 998 |
| **Bruto wins** | **109 439** | 102 983 | 210 928 |
| **Wins voor netto finansieringskoste en belasting** | **30 538** | 29 325 | 50 953 |
| Netto finansieringskoste | **(2 080)** | (2 881) | (8 317) |
| **Wins voor belasting** | **28 458** | 26 444 | 42 636 |
| Belasting | **(8 888)** | (7 938) | (12 036) |
| **Wins en totale omvattende inkomste vir die tydperk uit voortgesette bedrywighede** | **19 570** | 18 506 | 30 600 |
| ***Beëindigde bedrywighede*** | | | |
| Verlies vir die tydperk van beëindigde bedrywighede | **(3 718)** | (740) | (1 791) |
| **Wins en totale omvattende inkomste vir die tydperk** | **15 852** | 17 766 | 28 809 |
| **Wins toeskryfbaar aan:** | | | |
| **Ekwiteitshouers van die moedermaatskappy** | **16 130** | 17 968 | 28 607 |
| **Nie-beherende belang** | **(278)** | (202) | 202 |
| | **15 852** | 17 766 | 28 809 |
| Uitgereikte aandele (000e) | **217 864** | 219 329 | 217 329 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele (000e) | **217 436** | 219 137 | 219 211 |
| Ten volle verwaterde geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele (000e) | **220 744** | 224 121 | 223 846 |
| **Totale bedrywighede** | | | |
| Verdienste per aandeel (sent) | **7,4** | 8,2 | 13,0 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **7,4** | 8,2 | 11,9 |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | **7,3** | 8,0 | 12,8 |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | **7,3** | 8,0 | 11,7 |
| **Voortgesette bedrywighede** | | | |
| Verdienste per aandeel (sent) | **9,1** | 8,5 | 13,8 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **9,1** | 8,5 | 12,8 |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | **9,0** | 8,3 | 13,6 |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | **9,0** | 8,3 | 12,5 |
| **Beëindigde bedrywighede** | | | |
| Verdienste per aandeel (sent) | **(1,7)** | (0,3) | (0,8) |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **(1,7)** | (0,3) | (0,9) |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | **(1,7)** | (0,3) | (0,8) |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | **(1,7)** | (0,3) | (0,8) |
| **Rekonsiliasie tussen inkomste toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moedermaatskappy en die wesensverdienste toeskryfbaar aan die ekwiteitshouers van die moedermaatskappy:** | | | |
| Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **16 130** | 17 968 | 28 607 |
| – negatiewe klandisiewaarde | **-** | – | (2 498) |
| – netto (wins)/verlies met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(28)** | 27 | 113 |
| – belastinguitwerking van die aanpassings | **8** | (8) | (32) |
| **Wesensverdienste** | **16 110** | 17 987 | 26 190 |

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | **Ongeouditeer 31 Desember 2009 R'000** | Ongeouditeer 31 Desember 2008 R'000 | Geouditeer 30 Junie 2009 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **184 673** | 171 429 | 188 732 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **68 912** | 69 359 | 71 506 |
| Ontasbare bates | **103 938** | 91 128 | 106 147 |
| Belegging in assosiaat | **5 645** | | |
| Rentedraende ontvangbare rekenings | **103** | 757 | 560 |
| Bedrae verskuldig deur gesamentlike ondernemingsvennote | **-** | – | 306 |
| Uitgesteldebelastingbate | **6 075** | 10 185 | 10 213 |
| **Bedryfsbates** | **313 332** | 316 736 | 279 034 |
| Voorraad | **81 719** | 107 511 | 95 025 |
| Handels- en ander ontvangbare rekenings | **173 738** | 179 955 | 139 022 |
| Rentedraende ontvangbare rekening | **4 297** | 408 | 1 238 |
| Bedrae verskuldig deur gesamentlike ondernemingsvennote | **18 670** | 10 095 | 13 449 |
| Belasting ontvangbaar | **8 697** | 3 982 | 8 455 |
| Ander finansiële bates | **642** | – | – |
| Kontant en kontantekwivalente | **25 569** | 14 785 | 21 845 |
| **Totale bates** | **498 005** | 488 165 | 467 766 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Ekwiteit en reserwes** | **212 094** | 193 939 | 203 507 |
| Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moedermaatskappy | **211 387** | 193 358 | 202 522 |
| Nie-beherende belang | **707** | 581 | 985 |
| **Nie-bedryfslaste** | **32 240** | 27 393 | 25 765 |
| Rentedraende skuld | **25 130** | 21 335 | 18 788 |
| Uitgesteldebelastinglas | **7 110** | 6 058 | 6 977 |
| **Bedryfslaste** | **253 671** | 266 833 | 238 494 |
| Handels- en ander betaalbare rekenings | **177 393** | 210 227 | 184 286 |
| Bedrae verskuldig aan gesamentlike ondernemingsvennote | **15 114** | 8 779 | 12 473 |
| Belasting betaalbaar | **13 506** | 12 858 | 14 427 |
| Rentedraende skuld | **7 419** | 5 980 | 13 342 |
| Ander finansiële laste | **50** | 80 | 909 |
| Aandeelhouers vir dividend | **6** | – | 79 |
| Bankoortrekkings | **27 205** | 11 077 | – |
| Bedrae verskuldig ten opsigte van besigheidsamevoegings | **12 978** | 17 832 | 12 978 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **498 005** | 488 165 | 467 766 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **97,0** | 88,2 | 93,2 |
| Netto tasbarebate-waarde per aandeel (sent) | **50,7** | 46,6 | 44,3 |

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

| | **Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Desember 2009 R'000** | Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Desember 2008 R'000 | Geouditeer 12 maande geëindig 30 Junie 2009 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **(10 779)** | 1 547 | 44 039 |
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | **5 308** | 11 586 | 64 813 |
| Netto finansieringskoste | **(1 972)** | (1 344) | (5 594) |
| Dividende betaal | **(7 594)** | (6 797) | (6 718) |
| Belasting betaal | **(6 521)** | (1 898) | (8 462) |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | **(6 769)** | (39 839) | (66 874) |
| Netto toevoegings tot eiendom, masjinerie en toerusting | **(6 583)** | (7 725) | (18 202) |
| Toevoegings tot ontasbare bates | **(186)** | – | (2 301) |
| Netto verkryging in sakeondernemings en gesamentlike ondernemings | **-** | (32 114) | (46 371) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | **(5 933)** | (7 988) | (5 309) |
| Netto rentedraende skuld aangegaan/(terugbetaal) | **419** | (5 130) | (690) |
| Netto toename in bedrae verskuldig deur gesamentlike ondernemingsvennote en assosiates | **(4 007)** | (3 224) | (3 184) |
| Aandele teruggekoop | **(10)** | (173) | (1 908) |
| Werknemeraandeleopsies uitgeoefen | **267** | 240 | – |
| Verkoop van tesourieaandele | **-** | – | 500 |
| Afname in rentedraende ontvangbare rekenings | **(2 602)** | 299 | (27) |
| **Netto afname in kontant en kontantekwivalente** | **(23 481)** | (46 280) | (28 144) |
| **Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk** | **21 845** | 49 989 | 49 989 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk** | **(1 636)** | 3 709 | 21 845 |

### VERKORTE SEGMENTELE VERSLAG

| | **Dienste R'000** | **Handels-verspreiding R'000** | **Korporatief R'000** | **Totaal R'000** |
|---|---|---|---|---|
| **2009** | | | | |
| Inkomste (ekstern) | **170 953** | **198 226** | **1 392** | **370 571** |
| *Min:* Inkomste uit beëindigde bedrywigheid | | **(506)** | | **(506)** |
| | **170 953** | **197 720** | **1 392** | **370 065** |
| Inkomste (intern) | **21 770** | **5 790** | **4 380** | **31 940** |
| | **192 723** | **203 510** | **5 772** | **402 005** |
| Handelswins | **16 880** | **16 018** | **(2 360)** | **30 538** |
| Beëindigde bedrywigheid (Wins voor belasting) | | **(4 905)** | | **(4 905)** |
| 2008 | | | | |
| Inkomste (ekstern) | 154 224 | 197 662 | – | 351 886 |
| *Min:* Inkomste uit beëindigde bedrywigheid | | (11 132) | | (11 132) |
| | 154 224 | 186 530 | – | 340 754 |
| Inkomste (intern) | 5 317 | 5 437 | 4 486 | 15 240 |
| | 159 541 | 191 967 | 4 486 | 355 994 |
| Handelswins | 19 449 | 12 367 | (2 491) | 29 325 |
| Beëindigde bedrywigheid (Wins voor belasting) | | (1 023) | | (1 023) |

## KOMMENTAAR

**ALGEMENE OORSIG**

Teen die agtergrond van 'n voortgesette strawwe ekonomiese omgewing doen die Direksie van Excellerate met genoeë verslag van 'n gesonde prestasie deur die Groep, met verhoogde inkomste en bedryfswinsgewendheid, gesteun deur omsigtige kontantvloeibestuur.

Die handelstydperk tot Desember was uitdagend vir die Groep, omdat die ekonomie oor die algemeen steeds deur die resessionêre omgewing gesukkel het. Hierdie impak was meer beduidend in sake-eenhede wat direk aan die kleinhandelsektor blootgestel is, met die gevolg dat van dié sake-eenhede nie die vereiste opbrengste wat vir die vlak van geïnvesteerde fondse geskik is, gegenereer het nie en gevolglik 'n impak gehad het op die oorkoepelende opbrengste wat die Groep gegenereer het. Opbrengste is ook beïnvloed deur die uitwerking van eenmalige koste weens die sluiting en verkoop van die oorblywende bedrywighede van die Sunkist-onderneming.

Die eerste kwartaal in die tydperk onder oorsig was besonder stadig, maar daar was 'n verbetering in jaar-tot-jaar-volumes in die daaropvolgende kwartaal wat tradisioneel die Groep se sterkste handelstydperk is. Oor die algemeen vind die verbetering in die sakeomgewing egter steeds betreklik stadig plaas en die bestuur sal voortgaan om te fokus op daardie gebiede wat hy meen deur hom beïnvloed kan word, te wete die toevoeging van gehalte-inkomste, die verantwoordelike vermindering van bedryfskoste en die bekamping van bedryfskapitaalinvestering ten einde kontantgenerering te dryf.

Die Groep bly operasioneel en finansieel gesond en, gegewe die lae hefboomvlakke, goed geposisioneer om verbeterende ekonomiese toestande te benut.

**FINANSIËLE OORSIG**

Die resultate vir die ses maande is deur die heersende marktoestande beïnvloed, veral waar die Groep blootstelling aan die kleinhandelsektor het. Die resultate is ook beïnvloed deur verliese van R3,7 miljoen (2008: R0,7 miljoen) verbonde aan die sluiting en verkoop van die oorblywende bedrywighede van die Sunkist-onderneming. Ondanks die impak daarvan het inkomste en bedryfswinste egter toegeneem, gesteun deur positiewe kontantgenerering uit bedrywighede.

Inkomste vir die ses maande het met R29,3 miljoen of 8,6% tot R370,1 miljoen (2008: R340,7 miljoen) toegeneem. Netto wins vir voortgesette bedrywighede het tot R28,5 miljoen (2008: R26,4 miljoen) toegeneem, 'n toename van 7,6%. Na inagneming van verliese gely deur beëindigde bedrywighede van R3,7 miljoen het netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers met 10,8% tot R15,9 miljoen (2008: R17,7 miljoen) afgeneem.

Verwaterde verdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel het met 8,8% tot 7,3 sent per aandeel (2008: 8,0 sent) teenoor die vergelykende tydperk afgeneem. Verwaterde verdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel uit voortgesette bedrywighede het egter met 8,4% tot 9,0 sent per aandeel (2008: 8,3 sent) teenoor die vergelykende tydperk toegeneem.

Positiewe kontantvloeie gegenereer uit bedrywighede het R5,3 miljoen bedra vergeleke met kontant gegenereer uit bedrywighede van R11,6 miljoen in die vergelykende tydperk. Hierdie afname is toeskryfbaar aan kontantverliese wat met die afwikkeling van Sunkist van R3,2 miljoen gely is, bykomende bedryfskapitaal wat vereis is om die Nu-Africa Comm Trading-onderneming te laat groei van R0,65 miljoen, en 'n beskeie toename in normale bedryfskapitaalvlakke. Rente betaal het met R0,6 miljoen tot R2,0 miljoen toegeneem, belasting betaal het met R4,6 miljoen tot R6,5 miljoen toegeneem en dividende betaal ten opsigte van die Junie 2009 jaar wat R7,6 miljoen beloop het, het 'n oorkoepelende kontantverbruik uit bedryfsaktiwiteite van R10,8 miljoen vir die tydperk onder oorsig tot gevolg gehad

Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite het R6,8 miljoen (2008: R39,9 miljoen) bedra. Die meerderheid van hierdie belegging het verband gehou met toevoegings tot eiendom, masjinerie en toerusting vir die tydperk van R6,6 miljoen (2008: R7,7 miljoen). Na kontantvloei aangewend in finansieringsaktiwiteite van R5,9 miljoen was netto kontant aangewend vir die tydperk R23,5 miljoen, wat 'n negatiewe eindkontantsaldo van R1,6 miljoen tot gevolg gehad het.

Totale groephefboomfinansiering bly laag op R32,5 miljoen of 13,3% van netto bates aangewend in die maatskappy vergeleke met R27,3 miljoen of 12,3% in die vergelykende tydperk. Netto investering in bedryfsbates en -laste verteenwoordig R59,7 miljoen vergeleke met R49,9 miljoen in die vergelykende tydperk.

**BEDRYFSOORSIG**

**Handel – Verspreiding**

Inkomste in die Handel – Verspreiding-segment het met 6,0% tot R203,5 miljoen (2008: R192,0 miljoen) toegeneem, met wins voor rente en belasting uit voortgesette bedrywighede wat met 29,5% tot R16,0 miljoen (2008: R12,4 miljoen) toegeneem het.

Die prestasie in hierdie segment is behaal deur verbeterde prestasies by Goldenmarc en Ferrengi, gepaard met 'n positiewe alhoewel betreklik klein bydrae uit Nu-Africa Comm Trading. Foodserv het 'n stewige bydrae gehandhaaf en dra 'n sterk bestelboek vir die tweede helfte van die jaar.

Goldenmarc het 'n verbeterde ses maande ondervind waartydens die maatskappy ondanks verlaagde inkomste tot winsgewendheid teruggekeer het as gevolg van marges wat verbeter en aggressiewe kostebesnoeiing. Die onderneming behaal egter verreweg nog nie sy teikenopbrengste nie en in 'n omgewing wat uitdagend bly wat omset betref, het die bestuur verdere strukturele en bedryfsveranderings geïdentifiseer, wat geïmplementeer word, om voorspelde winsgewendheid verder te verbeter.

Ferrengi het ook 'n aansienlik verbeterde ses maande geniet, hoofsaaklik as gevolg van streng kostebestuur en 'n fokus op inkomstegroei deur aggressiewe toespitsing op nuwe klante en hersiene produkaanbiedings.

**Dienste**

Inkomste in die Dienste-segment het met 20,8% tot R192,7 miljoen (2008: R159,5 miljoen) toegeneem, met wins voor rente en belasting wat met 13,2% tot R16,9 miljoen (2008: R19,4 miljoen) afgeneem het.

Die aansienlike groei in omset vir die segment is grootliks toeskryfbaar aan die insluiting van Vital Distribution, Vital Fleet en Staffing Logistics vir 'n volle ses maande terwyl hulle resultate in die vergelykende tydperk slegs vanaf 1 Oktober 2008 ingesluit is. Delawood is ook vir 'n volle ses maande ingesluit terwyl sy resultate in die vergelykende tydperk slegs vanaf 1 November 2008 ingesluit is.

Vir die ses maande onder oorsig het Interpark, Sterikleen, Vital Fleet en Chattels stewige prestasies gelewer. Hierdie positiewe resultate is egter deur laer prestasies by Vital Distribution, Staffing Logistics, Levingers en Delawood teengewerk.

Prestasies by Vital Distribution en Staffing Logistics is gedurende die tydperk beïnvloed deur 'n afname in kleinhandelsvolumes wat hulle bedryfsmarges aangetas het. Daarbenewens sluit die vergelykende resultate slegs die spitshandelstydperk van hierdie maatskappye in. Gevolglik het Vital Distribution en Staffing Logistics minder wins vir die tydperk tot die Groep bygedra ten spyte daarvan dat hulle vir die volle ses maande ingesluit is. Hierdie sake-eenhede, wat albei ten volle aan pakhuis- en verspreidingslogistieke faktore vir die kleinhandelsektor (nie-voedsel) blootgestel is, het albei laer deursetvolumes en margedruk vanaf kliënte gedurende die tydperk ondervind. Hoewel volumes oor die Kerstydopbouing verbeter het, was die verhoogde aktiwiteit nie naastenby so beduidend soos normaalweg ondervind word nie. Die sake-eenhede bly egter winsgewend en die bestuur se groeiplanne tesame met 'n algemene verbetering in die kleinhandelsektor behoort tot gevolg te hê dat hierdie maatskappye tot hulle vorige winsgewendheidsvlakke terugkeer.

Levingers het gesukkel om kleinhandelsvolumes te handhaaf, veral deur sy winkels wat op die laer punt van die mark toegespits word. Hoewel daar op bedryfskostebestuur gefokus word, het kleinhandelshuurgeld ook nie eweredig gedaal nie. Gevolglik het Levingers slegs gelykbreekwinsgewendheid voor rente en belasting vir die tydperk behaal. Levingers is besig met 'n aansienlike herstruktureringsaksie om winsgewendheid te herstel.

Delawood gaan steeds gebuk onder laer as verwagte volumes, omdat die mark vir luukse residensiële kabinetmakery bedruk bly. Dit is ten spyte van die sukses wat met die generering van aansienlike omset uit uitvoer na ander Afrikalande behaal is. Die lae volumes, tesame met 'n hoë vastekostebasis, het 'n verlies vir die ses maande tot gevolg gehad. Die bestuur het begin met 'n aansienlike kostebesnoeiingsaksie om winsgewendheid te herstel terwyl voortgegaan word om op die generering van groter inkomste te fokus.

**VERKRYGINGS EN VERVREEMDINGS**

Daar was geen verkrygings gedurende die huidige tydperk onder oorsig waaroor verslag gedoen moet word nie.

Gedurende die tydperk onder oorsig is die Fruti Flow- en Nutribev-bedrywighede in 'n enkele transaksie deur Sunkist van die hand gesit. Hierdie verkoop is deur 'n termynlening vanaf Sunkist met vaste terugbetalingsbepalings befonds. As deel van die verkoop het die Groep 'n minderheids-aandelebelang opgeneem in 'n maatskappy wat nou die Fruti Flow- en Nutribev-bedrywighede bedryf.

Al die oorblywende bedrywighede van Sunkist is toegemaak, en met die uitsondering van die voortgesette huurgeld vir die persele, is alle wesenlike laste (insluitende personeelaanspreeklikhede) ten volle vereffen. Die oorblywende debiteureboek word tans ingevorder en alle ander bates is van die hand gesit.

**VOORUITSIGTE**

Hoewel verwag word dat 'n verbetering in die heersende ekonomiese omgewing sal plaasvind, is die tydsberekening en omvang van hierdie herstel onseker. Gevolglik prioritiseer die bestuur planne om inkomstestrome en kostebestuur te verbeter, veral in ondernemings wat met die kleinhandels-omgewing verband hou, in 'n poging om te verseker dat dié eenhede opbrengste lewer wat met die Groepteikens ooreenstem en sodoende die sake-eenhede wat reeds die norme behaal, aanvul.

Veral van belang is die posisionering van Chattels ten aansien van kontrakte vir die verskaffing van tydelike infrastruktuur vir gebeurtenisse aangaande die 2010 Wêreldbeker.

Die Groep sal voortgaan om 'n kultuur van kontantgenerering te dryf ten einde waardeverhogende verkrygings te finansier. Hoewel geen verkrygings gedurende die tydperk onder oorsig aangekondig of geïmplementeer is nie, glo die bestuur dat batewaardes aantrekliker word namate die gaping tussen verkopers se verwagtinge en kopers se vereistes vernou. Dít, gepaard met 'n gunstiger leenomgewing, het 'n verbeterde verkrygingsomgewing geskep. Die bestuur fokus gevolglik weereens aggressief op nuwe verkrygings wat aanvullend vir die Groep is..

**RAPPORTERENDE ENTITEIT**

Excellerate Holdings Limited is 'n maatskappy gedomisilieerd in Suid–Afrika. Die verkorte gekonsolideerde finansiele state soos op en vir die ses maande geeindig 31 Desember 2009 bestaan uit die maatskappy, sy filiale, gesamentlike ondernemings en belegging in sy assosiaat.

**OPSTELLINGSGRONDSLAG VAN RESULTATE**

Die verkorte gekonsolideerde finansiële resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2009 is opgestel in ooreenstemming met IAS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening. Die resultate sluit nie alle inligting in soos verlang word met volle jaareind finansiele state nie en moet saamgelees word met die gekonsolideerde finansiele state van die Groep soos op 30 Junie 2009.

Die rekeningkundige beleid wat by die aanbieding van die finansiële resultate toegepas word, stem ooreen met dié wat vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 toegepas is, met die uitsondering van die aanname van die volgende nuwe en gewysigde standaarde en vertolkings in reaksie op veranderings aan IFRS.

- IAS 1 – Aanbieding van Finansiële State
- IAS 23 – Leenkoste
- IAS 32 – Finansiële Instrumente: Aanbieding
- IAS 39 – Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting
- IFRS 2 – Wysigings aan IFRS 2 Aandeelgebaseerde Betaling – Vestigingsvoorwaardes en Kansellasies
- IFRS 3, IAS 27, IAS 28, IAS 31 en IAS 38 – Omvattende hersiening met toepassing van die verkrygingsmetode wat die volgende standaarde raak: Sakeondernemingskombinasies, Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State, Beleggings in Assosiate, Belang in Gesamentlike Ondernemings, en Ontasbare Bates
- IFRS 5 – Nie-bedryfsbates Gehou vir Verkoop en Beëindigde Bedrywighede
- IFRS 7 – Finansiële Instrumente: Openbaarmaking

Die resultate vir die vergelykende tydperke is nie heraangegee nie omdat die oorgangsreëlings vir IFRS 3 en IAS 27 vrystelling van terugwerkende toepassings verleen.

Die aanname van die nuwe en gewysigde standaarde en vertolkings het geen uitwerking op die Groep se resultate gehad nie.

Die koopprystoewysing vir Delawood is eers nadat die opstelling van die Desember 2008-resultate gepubliseer is, voltooi. As gevolg van die finalisering van die koopprystoewysing is die Desember 2008-resultate gewysig om dit in ag te neem. Daar was egter geen verandering in die verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel nie.

Om die bestuur en ontleding van segmentele prestasie te verbeter, is kapitaal aan die begin van die jaar onder oorsig in alle afdelings hertoegewys wat tot gevolg gehad het dat die toewysing van netto finansieringskoste in alle afdelings verander is. Gevolglik word afdelingsprestasie voor netto finansieringskoste ontleed.

Die Groep se ouditeure het nie die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie op 31 Desember 2009 en die verbandhoudende staat van omvattende inkomste, die staat van veranderings in ekwiteit, en die kontantvloeistaat vir die ses maande wat toe geëindig het, nagesien of daaroor verslag gedoen nie.

**NA BALANSSTAAT GEBEURE**

Daar was geen noemenswaardige na balansstaat gebeure wat 'n wesenlike impak op die Groep se resultate vir die ses maande geeindig 31 Desember 2009 gehad het nie.

**DIREKSIEVERANDERINGS**

Arnold Meyer is met ingang van 25 November 2009 in die Direksie van die Groep aangestel. Arnold is ook as 'n lid van die Oudit- en Risikokomitee aangestel.

**DIVIDEND**

In ooreenstemming met die Groep se beleid aangaande die betaling van tussentydse dividende het die direkteure besluit om nie op die huidige tydstip 'n dividend te verklaar nie.

**VERDERE OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING**

Aandeelhouers word verwys na die omsigtigheids aankondiging gedateer 8 Februarie 2010 en word meegedeel dat die Maatskappy steeds samesprekings voer wat, indien dit suksesvol verloop, 'n wesenlike uitwerking op die prys van die Maatskapy se effekte mag he.

Gevolglik word aandeelhouers aangeraai om steeds omsigtig te wees in transaksies met die Maatskappy se effekte totdat 'n verdere aankondiging gedoen word.

Vir en namens die Direksie

**GG Hulley** Hoof Uitvoerende Beampte
Sandton 23 Maart 2010

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | **Aandele-kapitaal R'000** | **Aandele-premie R'000** | **Aandeel-gebaseerde betalings reserwe R'000** | **Behoue verdienste R'000** | **Toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van moeder-maatskappy R'000** | **Nie-beherende belang R'000** | **Totaal R'000** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 30 Junie 2008** | 2 190 | 66 078 | 1 830 | 112 022 | 182 120 | 783 | 182 903 |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | | | | | | | |
| Wins vir die tydperk | | | | 17 968 | 17 968 | (202) | 17 766 |
| **Transaksies met eienaars, direk in ekwiteit opgeteken** | | | | | | | |
| Dividende verklaar | | | | (6 797) | (6 797) | | (6 797) |
| By verkryging van gesamentlike ondernemings ontstaan | | 13 570 | | | 13 570 | | 13 570 |
| Herassessering van aandelepremie | | (13 570) | | | (13 570) | | (13 570) |
| Terugkoop van aandele | (2) | (171) | | | (173) | | (173) |
| Verkoop van tesourieaandele | 5 | 235 | | | 240 | | 240 |
| **Saldo op 31 Desember 2008** | 2 193 | 66 142 | 1 830 | 123 193 | 193 358 | 581 | 193 939 |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | | | | | | | |
| Wins vir die tydperk | | | | 10 639 | 10 639 | 404 | 11 043 |
| **Transaksies met eienaars, direk in ekwiteit opgeteken** | | | | | | | |
| Terugkoop van aandele | (20) | (1 715) | | | (1 735) | | (1 735) |
| Verkoop van tesourieaandele | – | 260 | | | 260 | | 260 |
| Beweging in aandeelgebaseerde betalingsreserwe | | | (97) | 97 | – | | – |
| **Saldo op 30 Junie 2009** | **2 173** | **64 687** | **1 733** | **133 929** | **202 522** | **985** | **203 507** |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | | | | | | | |
| Wins vir die tydperk | | | | **16 130** | **16 130** | **(278)** | **15 852** |
| **Transaksies met eienaars, direk in ekwiteit opgeteken** | | | | | | | |
| Dividende verklaar | | | | **(7 521)** | **(7 521)** | | **(7 521)** |
| Beweging in aandeelgebaseerde betalingsreserwe | | | **(138)** | **138** | **-** | | **-** |
| Terugkoop van aandele | **-** | **(10)** | | | **(10)** | | **(10)** |
| Verkoop van tesourieaandele | **6** | **260** | | | **266** | | **266** |
| **Saldo op 31 Desember 2009** | **2 179** | **64 937** | **1 595** | **142 676** | **211 387** | **707** | **212 094** |


**DIREKTEURE**

| | |
|---|---|
| Gordon Hulley | Hoof uitvoerende beampte |
| Harold Bloch | Uitvoerende direkteur |
| Peter Kramer | Uitvoerende direkteur |
| Alan Lipchin | Uitvoerende direkteur |
| Athol Stewart | Uitvoerende direkteur |
| James Wellsted | Uitvoerende direkteur |
| Rudi Stumpf | Nie-uitvoerende direkteur |
| Clive Howell | Nie-uitvoerende direkteur plaasvervanger vir Graham Davel) |
| Graham Davel | Nie-uitvoerende direkteur |
| Michael Mohohlo | Nie-uitvoerende direkteur, onafhanklik |
| Arnold Meyer | Nie-uitvoerende direkteur, onafhanklik |

**AANDELEOORDRAGSEKRETARIS**
Computershare Investor Services (Edms) Beperk
Marshallstraat 70
Johannesburg, 2001
Posbus 61051, Marshalltown, 2107
Tel: (+27 11) 370 5000
Faks: (+27 11) 688 7721

**MAATSKAPPYSEKRETARIS**
ER Goodman Secretarial Services BK
(verteenwoordig deur E Goodman)
2de Verdieping,
Palm Grove, Grove City
Louis Bothalaan 196
Houghton
Tel: (+27 11) 728 0742
Faks: (+27 11) 728 4226
e-pos: ergoodmn@netactive.co.za

**GEREGISTREERDE KANTOOR**
1ste Verdieping
Atholl Square
Hoek van Katherinestraat en Wierdaweg-Oos
Sandown, 2196
Posbus 785448, Sandton, 2146
Tel: (+27 11) 523 2980
Faks: (+27 11) 523 2990
e-pos: info@excellerate.co.za

**KORPORATIEWE RAADGEWER**
Barnard Jacobs Mellet
Corporate Finance (Pty) Limited


ince.motiv